

Gereformeerde Kerk Bellville – 7 Februarie 2016 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 46:1, 3 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwinkel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.
- 3 Die HEER is daar, Hy hou die wag; / so gaan die donker uur dan om;
Hy red wanneer die vroeë dag / goudglansend oor die berge kom.
In wilde krygsgeruis / het nasies opgebruis, / en koninkryke sink:
die HEER se stem weerklink – / 'n ganse wêreld beef voor Hom!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 146:1, 2, 3 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE alleen bly wag.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 61:1, 6 (p. 298)

- 1 Neig, o God, tot my die ore! / Ver verlore, / ver van hulp en heil vandaan,
as my hart in my geen krag het, / al versmag het, / roep ek U as helper aan.
- 6 Send, o HEER, tot sy beskerming / u ontferming / en getrouheid as 'n wag.
Dan, dan loof ek, en dan sing ek, / en dan bring ek / U my offers dag ná dag.

Gebed

Psalm 91:1, 2, 5 (p. 460)

- 1 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.
O HEER, my Rots, op wie ek bou, / by U is't my die beste;
my toevlug waar ek stil vertrou, / in nood my veil'ge veste.
- 2 Daar's nete, waar jou voet ook gaan, / soos van die voëlvanger;
uit donker plekke waai jou aan / 'n stroom van pesdamp swanger.
Maar eewige vleuels sweef oor jou, / geruis van reusevlerke;
rondom jou is Gods eewige trou, / die harnas van die Sterke.
- 5 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.
In onheilsnag sal geen geweld / jou pad onveilig maak nie,
jou reistent, eensaam in die veld, / geen kwaad of plaag genaak nie.

Skriflesing: Jesaja 50:4-11

Kernverse: Jesaja 50:10

Wie is daar onder julle wat die HERE vrees, wat na die stem van sy Kneg luister, wat in duisternisse wandel en geen ligstraal sien nie? – laat hy vertro op die Naam van die HERE en steun op sy God!
(Jesaja 50:10 AFR53)

Tema: Die Kneg se onderrig oor wanneer ons swaarkry

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die mens wat ooit gedink het dat 'n mens net voorspoed en geluk sal beleef wanneer 'n mens as Christen die Here dien, lewe in 'n droomwêreld. Vandag is daar nog predikers wat verkondig dat wanneer jy jou lewe aan die Here oorgee, sal dit net goed gaan met jou. En daar is mense wat steeds hierdie onsin glo. Hulle dink om kind van God te wees beteken net maanskyn en rose. Volgens hulle is Christene nie arm, siek of bedruk nie. Hulle maak asof daar glad nie meer donkerte en dorings is wanneer jy maanskyn en rose wil hê nie.

Jesus het egter nooit vir ons hierdie prentjie van net mooi sonskyndae geteken nie. Inteendeel, Hy het baie duidelik gesê dat die wêreld die ware gelowiges gaan haat omdat hulle nie aan die wêreld behoort nie. As gelowiges aan die wêreld behoort het, sou die wêreld hulle liefgehad het. Maar nou behoort hulle nie aan die wêreld nie. Daarom kan 'n mens maar weet dat ware gelowiges van ander mense teenkanting sal beleef, want hulle het Jesus ook teëgestaan en vervolg. En Christene is nie belangriker as die Here Jesus aan wie hulle behoort nie.

In die derde lied oor die Kneg van die Here word dit juis duidelik dat swaarkry in hierdie wêreld deel is van dissipel wees van die Here. Hierdie lied was bedoel om die volk Israel in hulle ballingskap moed te gee. En omdat die Heilige Gees dit vir ons opgeteken het, is dit woorde om ons ook moed te gee wanneer dit voel asof alles en almal teen ons is. Hierdie woorde van bemoediging word vir ons gegee nie deur iemand wat nog nooit beleef het wat teenkanting en swaarkry beteken nie. Dit is die Kneg van die Here wat ons bemoedig, en Hy doen dit nie net met woorde nie maar veral met sy lewe. Dit is die Kneg van die Here wat ons lewe sý lewe gemaak het op hierdie selfde aarde waar ons met swaarkry te doen het.

Moontlik het dit vir jou ook al gevoel of jy in die donker loop en geen lig sien nie. Miskien is jou lewe vanoggend vir jou so donker en voel jy so alleen. Dit gebeur dat ons so in die donker is en alleen voel omdat ons siek is, of omdat ons oud geword het, of omdat jou lewe as kind van die Here net nie wil uitwerk soos jy gedink het dit sal wees nie. Jy dien die Here en jy het Hom lief, en tog het dit gebeur dat jy nou in die donker loop en geen lig sien nie. Dit is gewoonlik in sulke tye wat ons die Here bestook met vrae soos: Waarom nou, Here? Waarom ek, Here? En as ons hierdie vrae vra, word die donker ongelukkig nie ligter nie en die lig kom ook nie nader nie. Hoekom? Want ons fokus op die verkeerde plek en persoon. Ons fokus hier op onself. En in plaas daarvan dat die waaromvrae ons dan uit die donker bring, lyk dit of die lig net al verder weggaan, en dit is omdat ons fokus verkeerd is.

Geliefdes, Israel het tydens die ballingskap ook hulle fokus op die verkeerde plek en persoon gehad. Omdat hulle al vir 'n baie lang tyd hulle fokus verkeerd gehad het, het hulle die ballingskap ook in die verkeerde lig gesien. Sommige van hulle het gemeen dat die

gode van die Babiloniërs net te sterk was vir die Here, daarom kon hulle nie in hulle land gebly en die Babiloniërs se aanslag afgeweer het nie. Ander het darem nog geweet dat die Here almagtig is en daarom kan Hy nie deur afgode oorwin word nie, maar dit het vir hulle gevoel of hulle nou die slagoffers is van 'n egskeiding. Ons weet mos watter ellende kinders belewe wanneer pa en ma van mekaar skei. Daarom vra die Here vir hulle:

Waar is tog die skeibrief van julle moeder waarmee Ek haar verstoot het?
(Jesaja 50:1 AFR53)

Die Here sê self dat Hy het nie van hulle moeder geskei het nie maar dat hulle verkoop is oor hulle oortredings. Ons kan daarom verstaan dat hierdie Israeliete beleef het dat hulle in die donker loop en geen lig sien nie.

Maar, broers, susters en kinders, onder hierdie Israeliete in die ballingskap was daar ook mense wat, soos Esegjël en Daniël, naby aan die Here geleef het. Te midde van al die onreg wat voor die ballingskap in hulle eie land plaasgevind het, het hulle die Here bly dien. En kyk waar sit hulle nou. Hulle is ook in ballingskap. Hulle is ook nou moedeloos, omdat hulle geen lig sien nie. Hulle sien nie hoe hulle uit hierdie donker verlos sal word nie. Iemand het by geleentheid opgemerk dat moedeloos mense altyd mense is wat net na hulleself kyk. Een van die faktore wat 'n mens moedeloos laat word, is 'n verknogtheid aan 'n mens se eie ek. Sien u nou hoekom ons sê dat 'n mens se fokus op die verkeerde plek en persoon is?

Maar laat ons nou eers kyk wat met die Kneg van die Here gebeur het en hoe Hy dit hanteer het. Hy is geslaan, sy baard is uitgetrek, mense het Hom bespot en op Hom gespoeg.

En wat het Hy gedoen? Opstandig geword? Koue voete gekry, soos Jona? Gesê: Here, Ek sien nie meer kans vir die pad wat U wil hê Ek moet loop nie? Nee, allermins. Hy sê self: Ek het my rug gehou vir dié wat My slaan en my wang vir dié wat my baard uittrek. Hy het ook nie sy gesig weggedraai toe mense Hom bespot en bespoeg het nie. Hoekom het die Kneg Hom so laat mishandel? sal jy vra. Ek sal my nie gewillig aan sulke dinge onderwerp nie, sal ek en jy vinnig sê. En as daar sulke dinge met ons gedoen word, sal ons op ons menseregte staan. Dit is waar, geliefdes, ons sal nie sommer toelaat dat ander mense dit met ons doen nie. Maar dan moet ons ook let op wie hierdie Kneg van die Here is. Hy is niemand anders nie as ons Here Jesus Christus.

In vers 2 van ons hoofstuk het die Here dit duidelik gemaak dat Hy by magte is om te verlos en te red. Dit is mense in hulle dwaasheid wat dink dat die Here dit nie kan doen nie. Dit is mense in hulle dwaasheid wat gereken het dat Jesus mense nie kan verlos nie omdat Hy Homself nie van die kruis af verlos het nie. En met hierdie woorde in vers 6 laat die Heilige Gees ons verstaan dat Jesus, die Kneg van die Here, nie net by magte is om te verlos nie; trouens, Hy wil dit ook doen. Hy is gewillig om swaar te kry sodat Hy die uiteindelijke prys vir jou en my lewe kan betaal. Daarom het Hy Hom gewillig onderwerp aan al die swaarkry wat Hom getref het.

Maar nou sal jy seker wil weet hoe dit gekom het dat die Kneg gewillig hierdie swaarkry-pad geloop het. Hy het Hom laat leer deur die Here. Hy het na die Here sy God geluister soos wat 'n leerling moet luister. Jesus het self by geleentheid gesê dat die woorde wat Hy sê Hy by sy Vader gehoor het, en die werke wat Hy doen het Hy by sy Vader gesien (Joh 10:37; 14:24). Ons lees op verskeie plekke in die Nuwe Testament dat Jesus alleen met sy Vader gaan praat het, selfs nagte deur wat Hy en sy Vader gesels het. En ek wil aanneem dat dit tydens hierdie gesprekke was dat God sy Seun bemoedig het om die pad enduit te loop sodat Hy sy Vader kon verheerlik. Die Heilige Gees was immers ook op

Jesus sodat Jesus gewillig die pad enduit geloop het.

Jesus wou nie sy Vader teleurstel nie. Hy het alles gedoen wat Hy moes omdat Hy sy Vader se Naam wil groot maak op die aarde deur mense uit hulle sonde te verlos. Daarom het Jesus ook nie teruggedeins toe Hy sien hoe donker die pad nog gaan word waarop God

wil hê Hy moet gaan sodat Hy mense kan verlos nie. Hy het ook nie opstandig geword en gesê: Nee, Vader, ek sien nie meer kans hiervoor nie.

Dit wil ook nie sê dat Jesus nie bang en benoud geword het nie. Hy het nie met 'n aan-geplakte glimlag sy lewe as Verlosser hier op aarde gelei nie. Hy het nie gemaak asof dit nie so erg is nie. Jesus het in die tuin van Getsemane vir sy disspels gesê Hy voel doodsbenoud, want Hy het hartseer en beangs geword (Matt 26:38). Hy het selfs drie maal vir sy Vader gevra om die beker van oordeel by Hom te laat verbygaan as dit sy Vader se wil is. Maar dit was nie sy Vader se wil nie. God wou hê dat sy Seun in die stikdonker moes ingaan waar Hy geen lig sou sien nie. Alleen daar in die donker sou Hy die prys vir jou en my lewe kon betaal.

Geliefdes, tot dusver het ons gesien wat met Jesus, die Kneg van die Here, alles gebeur het. Ons het ook nou gehoor dat Hy gewillig op hierdie pad geloop het wat deur stikdonkerte gegaan het. Maar hoe het Hy dit nog hanteer? Hy het op die Here bly vertrou en op God gesteun. In vers 7 tot 9 sê die Kneg met beslistheid:

Maar die Here HERE help My. (Jesaja 50:7 AFR53)

Al gebeur al hierdie slegte dinge met Hom, weet Hy dat die donker nie vir altyd sal aanhou nie. Hy het geweet dat sy Vader naby Hom is, daarom kon Hy op Hom steun. Na die donker sou Hy weer die wonderlike lig van sy Vader se aangesig sien. Daarom kon Hy gewillig in die donker ingaan om sy Vader se liefde vir die wêreld duidelik te maak.

Met die lewe van sy geliefde Kneg het die Here in die ou tyd vir Israel bemoedig. Hulle moes alleen maar net vir die Kneg luister en doen wat Hy hulle leer. Hulle moes op die Here vertrou en op God bly steun wanneer dit so donker was dat hulle geen lig gesien het nie.

Broers, susters en kinders, net so bemoedig Jesus vir jou en my ook vandag. Wanneer dit so donker word in ons lewens dat ons nie meer lig kan sien nie, is dit nie omdat die Here ons in die steek gelaat het nie. Dit is immers Hy wat hierdie donker deel op ons lewenspad beskik het sodat ons Hom ook in hierdie donker kan verheerlik. En ons sal dit kan doen wanneer ons op die Here bly vertrou en op God bly steun. As Jesus ons so bemoedig, doen Hy dit nie soos iemand wat niks van swaarkry weet nie. Hy weet presies wat swaarkry beteken. Hy het dit aan sy eie lyf gevoel en nog baie erger as wat ek en jy dit ooit sal kan beleef. En wat Hy ons leer om te doen wanneer dit so donker word in ons lewe, het Hy self ook gedoen. Hy weet dit werk om op die Here te vertrou en op God te steun, daarom leer Hy ons om dit ook te doen.

Net eers iets oor donker: Dit is mos in die donker dat ons sintuie baie meer sensitief is. Dit is in die donker dat ons baie verder en baie skerper kan sien. Wanneer dit pikdonker is, sien ons 'n klein ou liggie sommer van baie ver af raak. Dit is in daardie tye van donker dat ons die getrouheid en nabyheid van die Here nog beter leer ken. Wanneer al ons selfgemaakte hulpmiddels weg is en ons net die Here naby ons het, steun ons soveel swaarder op Hom. En dit is wat die Here wil hê moet gebeur. Hy word nie moeg wanneer ek en jy met ons volle gewig op Hom leun nie. Hy kan ons deur die donker dra en Hy wil

dit ook doen.

Omdat die Here ons elke dag opnuut weer leer en laat luister, laat Hy toe dat ons Hom leer ken. Hy laat ons luister watter pad om te loop, en die Heilige Gees maak ons gewillig op hierdie pad te loop wat die Here ons leer. En as dit donker word op die pad, hou ons aan loop, want ons vertrou en steun op die Here.

En omdat die Here ons ken en weet hoe swak ons is, waarsku Hy: Moenie jou eie vuur aansteek nie. Moenie op jou eie kragte en vermoëns staat maak nie. Moenie die donker met jou eie flou liggie probeer verdryf nie. Die mense wat so maak, wil nie in die donker op die Here steun nie. So 'n mens wil nie gedra word nie maar wil soos 'n eiewillige kind self loop met sy vuurhoutjeligie. So 'n mens sal val in die donker en nie weer kan opstaan nie. Daarom, geliefdes, is ek eerder in die donker saam met God as in my selfgemaakte lig sonder die Here.

Die Here verseker ons dat Hy in die donker naby ons is. En as ons luister na ons Here Jesus, sal ons nie beskaam word nie. Hy het reeds deur die donker gegaan en Hy weet ál wat daar werk is om God te vertrou. Mag die Heilige Gees ons aanhoudend met die Woord van die Here versterk wanneer dit goed gaan met ons. Mag Hy ons gewillig maak om soos leerlinge na die Here te luister. Dan sal ons voorbereid wees en gewillig die donker aanvaar wat die Here oor ons beskik sodat ons sy Naam kan groot maak. Deur die Heilige Gees weet ons dat die donker nie vir altyd sal aanhou nie. Daar sal 'n dag aanbreek dat die Here ons weer in die heerlike lig van ons hemelse Vader sal inlei.

Amen!

Slotgebed

Psalm 91:6, 7, 8 (p. 461)

- 6 Random jou ruis die eng'levoet / met liggewiekte treeë,
hul kom die wand'laar tegemoet / en lei hom op sy weë.
Hul bied op Gods bevel hom aan / die hulp van will'ge hande,
en dra hom, waar die reispad gaan / oor ruwe rotserande.
- 7 Hoog sal jy oor die leeukop stap, / vertree die roofbespringer;
jy sal op slang en adder trap / wat sluipend om jou slinger.
"Hy het my lief, hom maak Ek vry / wat dierbaar in my oog is;
Ek waak oor hom, want hy bely / my Naam wat hoog en sterk is.
- 8 "Hy roep, en Ek beskerm hom daar, / totdat die nood verby is;
Ek lei hom na die hoogtes waar / 'n eerkrans hom berei is.
Die menseleef tyd, vlug en kort, / verleng Ek uit genade,
sodat hy blye aanskouer word / van al my reddingsdade."

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 33:1, 6 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –

by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!

- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
7 Februarie 2016